higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5050063)

13 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Navorsers versamel data en inligting om ...

A kennis te beoefen en in te dien.
B die teorie van kennis te praktiseer.
C kennis te bekom en te deel.
D kennis te herhaal.

1.1.2 Empiriese navorsing baseer bevindings op …

A waarneming.
B dokumente.
C leervermoëns.
D logika.

1.1.3 Die opdoen van kennis is belangrik om …

A duideliker en meer leesbaar in die klas te skryf.
B 'n mens se intellek en kritiese denkvaardighede te verbeter.
C aannames te maak.
D die brein te vergroot.

1.1.4 Plagiaat beteken om iemand anders se … te gebruik sonder om die werklike bron te erken.

A steekproefneming
B etiek
C opvoeding
D woorde en idees

1.1.5 Besighede doen navorsing om …

A die maatskappy te vergroot.
B uitsprake te maak.
C ondersoek in te stel oor waarmee hul mededingers besig is.
D meer klein maatskappye te bou.

(5 × 1) (5)

1.2 Kies 'n woord of woorde uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Teorie wat gestel is om 'n navorsingstudie te bewys	A	intrinsieke
1.2.2	Hiërargie van behoeftes	B	handves van regte
1.2.3	Navorsingsinstrument wat bestaan uit 'n reeks vrae met die doel om inligting bymekaar te maak	C	Maslow
		D	leerafwykings
1.2.4	'n Toestand waarin nie genoeg voedingstowwe geabsorbeer of die regte soorte kos geëet word nie	E	etiek
		F	hipotese
1.2.5	Gesonde balans van verstand, liggaam en gees	G	ARV
1.2.6	Strategie wat die regering ontwikkel het om armoede te beveg	H	vraelys
		I	welstand
1.2.7	Morele beginsels wat 'n persoon se gedrag of aktiwiteite reguleer	J	psigomotories
1.2.8	Waardes en beginsels wat die wette en beleid van die land handhaaf	K	higiëne
1.2.9	Afwyking wat voorkom in kinders met normale intelligensie wat probleme ervaar om spesifieke vaardighede te leer	L	armoedevermin-dering
		M	WGO
1.2.10	Leerhindernisse wat inherent of ingebou is	N	wanvoeding
1.2.11	Proses om inligting in te samel en te ontleed	O	navorsing
		P	ekstrinsieke
1.2.12	Ontwikkeling van spiere om in georganiseerde patrone te werk wat deur die omgewing gestimuleer word	Q	kinestetiese leerders
1.2.13	MIV/VIGS-lyers gebruik hierdie medisyne om die ontwikkeling van die siekte te vertraag		
1.2.14	Die praktyk om jouself en jou omgewing skoon te hou om siektes te voorkom		
1.2.15	Wêreldgesondheidsorganisasie		

(15 × 1) (15)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die immuniteitstelsel beskerm die liggaam teen siektes.

1.3.2 'n Werkgewer kan iemand wat MIV-positief is afdank, aflê of weier om sodanige persoon in diens te neem.

1.3.3 Die gebruik van aanvullings soos vitamines en minerale kan help om die liggaam in 'n gesonde toestand en vorm te hou.

1.3.4 Maslow het geglo dat selfs al is daar 'n behoefte wat nie ten volle bevredig word nie, kan 'n persoon steeds tot sy of haar volle potensiaal ontwikkel.

1.3.5 Vir Blooms gaan alles oor swak kognitiewe prestasie.

1.3.6 As jy nie kos het om te eet en 'n plek om in te woon nie sal jy as arm beskou word.

1.3.7 Witskrif 3 verwys gewoonlik na mense wat 'n leergestremdheid het.

1.3.8 Nadat jy graad 9 geslaag het, het jy die geleentheid om in te skryf by 'n VOO-kollege van jou keuse.

1.3.9 Genetiese faktore kan intrinsieke hindernisse veroorsaak wat tot leerprobleme kan lei.

1.3.10 MIV is die akroniem vir menslike-identifikasie-virus.

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die SA Grondwet beskerm burgers teen (uitbuiting/vernietiging/ manipulasie).

1.4.2 Die regering moet (voldoende/duur/skoon) behuising aan die mense verskaf.

1.4.3 Arm families het gewoonlik (min/genoeg/voedsame) kos om te eet.

1.4.4 Dit is belangrik om genoeg (melk/water/sap) te drink om te help met spysvertering.

1.4.5 Burgers van 'n land het die (vakansie/reg/gesondheid) om 'n opvoeding te kry.

Kopiereg voorbehou

1.4.6 Vraelyste bestaan uit verskillende (dokumente/data/vrae) wat tydens navorsing gevra kan word.

1.4.7 Om jou rol as 'n navorser te kan vervul, moet jy (onpartydig/ moeg/aangenaam) wees.

1.4.8 'n (Webwerf/Bibliografie/Opname) is 'n rekord van die hulpbronne wat tydens navorsing gebruik is.

1.4.9 Mense met (fisiese/neurologiese/sensoriese) gestremdhede is doof of blind.

1.4.10 As studente (kreatief/kognitief/afwesig) is, word hul denke meer buigsaam.

(10 × 1) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

NCV

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

ARMOEDE IN ONTWIKKELENDE LANDE

Nigerië, 'n land in Wes-Afrika met min natuurlike hulpbronne, word as een van die armste lande ter wêreld beskou. Vele strukture in die droogtegeteisterde land word met songebakte modderstene gebou.

Van die armste lande in die wêreld is in Afrika geleë. In groot gedeeltes van Afrika, suid van die Sahara, word armoede deur ongenaakbare omgewings vererger. Droë en barre aarde bedek groot gedeeltes van hierdie streek. Soos wat die armes probeer om 'n lewe uit boerdery en ander bestaanspraktyke te maak, word die grond uitgeput van voedingstowwe wat nodig is om gewasse te verbou. Oor tyd heen het dit tot verwoestyning gelei, 'n proses waartydens eens vrugbare grond in 'n woestyn verander. Gedurende die laat 20ste eeu het verwoestyning bygedra tot hongersnood in 'n aantal Afrikalande, insluitend Somalië, Ethiopië en Mali. Politieke onstabiliteit en oorloë in baie subSaharalande het ook tot armoede bygedra. Weens sulke faktore het die aantal mense wat in uiterste armoede in subSahara-Afrika woon, gegroei vanaf 217 miljoen in 1987 tot meer as 300 miljoen.

Weens klimaat, droogte, swak landboubeplanning, politieke onstabiliteit, en die ondoeltreffendheid en wanbestuur van natuurlike hulpbronne, is daar wêreldwyd miljoene verhongerde mense. Daar word beraam dat tussen 5 en 20 miljoen mense jaarliks weens hongersnood sterf, baie van hulle kinders in Nigerië.

[Bron: *www.feedburner.com*]

2.1 Noem SES basiese behoeftes wat absolute armoede definieer, volgens David Gordon se referaat *Indicators of Poverty and Hunger*. (6 × 2) (12)

2.2 Noem enige VYF menslike siektes wat deur wanvoeding veroorsaak word. (5)

2.3 Gee SES faktore vanuit die uittreksel wat veroorsaak dat miljoene mense verhonger. (6)

2.4 Hoeveel mense lewe in uiterste armoede in die subSahara-lande? (1)

2.5 Hoe sal jy Nigerië, volgens die uittreksel, beskryf? (2)

2.6 Verduidelik die betekenis van die woord *verwoestyning* wat in die uittreksel gebruik word. (2)

2.7 Noem DRIE lande wat verwoestyning in die 20ste eeu ervaar het. (3)

2.8 Watter faktore dra tot armoede in subSahara-lande by? (2)

2.9 Verduidelik wat bedoel word met: 'armes put die grond uit van voedingstowwe wat nodig is om gewasse te verbou'. (2)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Sekere ongesonde gewoontes kan tot swak gesondheid bydra.

3.1.1 Definieer *gesondheid* volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie. (2)

3.1.2 Noem VYF behoeftes en probleme van mense met MIV. (5 × 2) (10)

3.2 Almal behoort daarna te streef om 'n gesonde leefstyl te handhaaf.

3.2.1 Noem DRIE maniere om 'n gesonde leefstyl te handhaaf. (3 × 2) (6)

3.2.2 Gee DRIE algemene bepalende faktore van gesondheid. (3)

3.3 Verduidelik kortliks elk van die volgende VYF voedingsgroepe:

3.3.1 Koolhidrate

3.3.2 Dieetvesel

3.3.3 Proteïen

3.3.4 Vette

3.3.5 Vitamines

(5 × 2) (10)

3.4 Noem TWEE oorsake van ondervoeding. (2 × 2) (4)

[35]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik elk van die onderstaande behoeftes wat Maslow in sy hiërargie van behoeftes geïdentifiseer het:

4.1.1 Fisiologiese behoeftes

4.1.2 Veiligheid en sekuriteit

4.1.3 Liefde en om te behoort

4.1.4 Selfbeeld

4.1.5 Selfverwesenliking

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.2 Hier onder is 'n lys van die eienskappe van etiek in primêre navorsing en dié in sekondêre navorsing.

Skryf die onderstaande tabel in die ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur elke eienskap in die korrekte kolom neer te skryf.

ontlonting ('debriefing'); bevindings van navorsing wat alreeds uitgevoer is; beskerming van deelnemers; navorsing deur waarneming; verifikasie van bronne; toestemming; vertroulikheid; intellektuele kopiereg op die gebruik van hierdie bronne vir eie navorsing; vertroulikheid en respek; integriteit van bronne; bevooroordeling tydens samestelling van inligting; regsaksie; versamel inligting vanuit meer as een bron

PRIMÊRE NAVORSING	SEKONDÊRE NAVORSING

(5 × 2) (10)

4.3 Gee vyf wenke wat navorsers in gedagte moet hou. (5 × 2) (10)

4.4 Identifiseer VYF probleme wat weerlose gemeenskappe in die gesig staar met betrekking tot MIV en VIGS. (5)

[35]

NCV

VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Die term 'leerhindernisse' verwys ook na enige struikelblok wat die leerder kan verhinder om toegang tot die opvoedingstelsel te verkry en wat kan bydra tot 'n leerineenstorting. Leerhindernisse manifesteer hulself op verskillende maniere en kom soms na vore wanneer 'n leerineenstorting plaasvind en leerders in die klas uitgesluit word.

Intrinsieke hindernisse is daardie hindernisse wat binne-in die individu geleë is; dit kan insluit: fisiese, verstandelike, sensoriese, neurologiese en ontwikkelings-gestremdhede, psigososiale versteurings, en verskille in intellektuele vermoë met spesifieke verwysing na lewenservarings.

Ekstrinsieke hindernisse is daardie hindernisse wat in die omgewing en buite die individu geleë is. Ekstrinsieke omstandighede in Suid-Afrika wat leerhindernisse kan veroorsaak sluit in sosio-ekonomiese faktore, onveilige omgewings, gebrek aan gesondheidsorgfasiliteite, negatiewe gesindhede, 'n onbuigsame kurrikulum, ontoepaslike en onvoldoende ondersteuningsdienste, onbetrokkenheid van ouers, en skoolfaktore soos oorvol klaskamers, onopgeleide onderwysers en 'n ontoepaslike taal vir leer en onderrig.

[Bron: *https://nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/21276/Vlok.E.2016.pdf*]

5.1 Definieer *inklusiewe onderwys en opleiding*. (3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik elk van die volgende terme wat in die uittreksel gebruik word:

5.2.1 Intrinsieke hindernisse

5.2.2 Ekstrinsieke hindernisse

(2 × 2) (4)

5.3 Identifiseer VYF faktore elk vanuit die uittreksel wat die volgende kan veroorsaak:

5.3.1 Intrinsieke leerhindernisse (5 × 2) (10)

5.3.2 Ekstrinsieke leerhindernisse (5 × 2) (10)

5.4 Hoe kan die maatskaplike omgewing en vermoëns van die armes verbeter word? (5 × 1) (5)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou